B	DC2	WC022	Witzenberg	330	330		330	330	
B	DC2	WC023	Drakenstein	255	255		255	255	
B	DC2	WC024	Stellenbosch	255	255		255	255	
B	DC2	WC025	Breedevalei	280	280		280	280	
B	DC2	WC026	Langeberg	330	330		330	330	
C	DC2	DC2	Kaapse Wynland	480	280		480	280	
B	DC3	WC031	Theewaterskloof	330	330		330	330	
B	DC3	WC032	Overstrand	280	280		280	280	
B	DC3	WC033	Kaap Agulhas	330	330		330	330	
B	DC3	WC034	Swellendam	330	330		330	330	
C	DC3	DC3	Overberg	280	280		280	280	
B	DC4	WC041	Kannaland	330	330		330	330	
B	DC4	WC042	Hessequa	330	330		330	330	
B	DC4	WC043	Mosselbaai	280	280		280	280	
B	DC4	WC044	George	255	255		255	255	
B	DC4	WC045	Oudtshoorn	780	780		780	780	
B	DC4	WC047	Bitou	330	330		330	330	
B	DC4	WC048	Knysna	849	564		849	564	
C	DC4	DC4	Eden	280	280		280	280	
B	DC5	WC051	Laingsburg	330	330		330	330	
B	DC5	WC052	Prins Albert	330	330		330	330	
B	DC5	WC053	Beaufort-Wes	330	330		330	330	
C	DC5	DC5	Sentrale Karoo	280	280		280	280	
Ander (Ontoegewys) ^{Nota}				16 467	12 927	25 489	16 467	12 927	25 489
TOTAAL				27 511	22 886	25 489	27 511	22 886	25 489

Nota Ander (Ontoegewys)	Wes-Kaap Finansiële Bestuur Ondersteuningstoekenning					
	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)
Die toekennings sal gebaseer word op die eind resultaat en aanbevelings van beide die MSOV, MTUK en TGMI prosesse. Spesifieke munisipaliteit toekennings sal in die 2018/19 Aansuiweringsbegroting toegeken word.	16 467	12 927	25 489	16 467	12 927	25 489

WES-KAAPSE FINANSIËLE BESTUURS KAPASITEITSBOU TOEKENNING	
Oordraggewende provinsiale departement	Provinsiale Tesourie (Begrotingspos 3)
Strategiese doelwit	'n Omvattende munisipale finansiële kapasiteit ontwikkelingstrategie wat die attraksie, ontwikkeling en behoud van finansiële menslike hulpbronne bewillig wat benodig word vir die implementering van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (MFBW) en verwante regulasies om goeie finansiële bestuur verseker.
Doel van toekenning	Om die ontwikkeling van finansiële menslike kapasiteit binne die munisipale gebied moontlik te maak wat sal lei tot 'n volhoubare plaaslike finansiële vaardighede pyplyn wat munisipaliteite se behoeftes aanspreek en 'n gesonde en volhoubare finansiële bestuursomgewing in staat stel.
Uitkomste-verklarings	<ul style="list-style-type: none"> • Verbetering in die plaaslike finansiële vaardighede pyplyn aan munisipaliteite. • Verbetering in die finansiële kapasiteit van munisipaliteite wat lei tot die verbetering en volhoubare finansiële bestuur. • Munisipale beursprogramme wat munisipaliteite in staat stel om top presterende leerders te lok wat die vermoë het om sukses te behaal by Hoër Onderwysinstellings in die velde van finansies, ekonomie, rekeningkunde, voorsieningskanaalbestuur, interne oudit en risiko bestuur, infrastruktuur, of in gebiede wat uitvoering gee aan die prioriteit uitkomste van die Provinsiale Strategiese Doelwitte (veral PSD 5) en Nasionale Uitkomste 5, 9 en 12, ens.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Toekenning per munisipaliteit per jaar oor 'n periode van 3 jaar met 'n progressiewe groei oor die MTUR-tydperk soos aangedui in die toekenning skedule vir die uitbreiding of stigting van die huidige munisipale beursprogramme vir die ontwikkeling van studente en leerders met die nodige potensiaal in hul onderskeie munisipale gebiede. • Toekenning van beurse deur munisipaliteite oor 'n periode van 3 jaar vir ten minste 3 studente per jaar woonagtig in die munisipale gebied vir munisipaliteite wat binne 100 km radius vanaf Hoër Onderwysinstellings geleë is en ten minste 2 studente per jaar woonagtig in die munisipale gebied vir munisipaliteite wat meer as 100 km radius vanaf Hoër Onderwysinstellings geleë is vir 'n minimum periode van 3 jaar vir voltydse studies in finansies, ekonomie, rekeningkunde, voorsieningskanaalbestuur, interne oudit en riskobestuur, infrastruktuur, of in gebiede wat uitvoering gee aan die prioriteit uitkomste van die Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD) (veral PSD 5) en Nasionale Uitkomste 5, 9 en 12, ens.

WES-KAAPSE FINANSIËLE BESTUURS KAPASITEITSBOU TOEKENNING	
Prioriteitsuitkomst van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 5: 'n Vaardige en bekwame werksmag om 'n inklusiewe pad van groei te ondersteun. • Nasionale Uitkoms 9: Bou 'n responsiewe, aanspreeklike, effektiewe, en doeltreffende stelsel van plaaslike regering. • Nasionale Uitkoms 12: Daarstelling van 'n doeltreffende, effektiewe en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens en 'n bemagtigde, billike en inklusiewe burgerskap. • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 5: Vestig goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	Verbetering in algemene finansiële regeringsbestuur (nakoming en prestasies) van munisipaliteite, soos om regulerende verslagdoening vereistes, begrotingsbestuur, voorsieningsketteringbestuur, batebestuur, finansiële stelsels, oudit-uitkomst, finansiële volhoubaarheid ens. te verbeter.
Voorwaardes	<ul style="list-style-type: none"> • Progressiewe realisering van finansiële bestuur kapasiteitsbou doelwitte wat sal lei tot die verbetering van die beskikbaarheid, bevoegdheid en vaardigheid van munisipale finansiële beamptes binne die munisipale gebiede tot volhoubare munisipale Begroting en Tesourie kantoor vermoëns. • Munisipaliteite moet Memorandum van Ooreenkoms indien by Provinsiale Tesourie wat die voorgeskryfde uitsette en uitkomst sal aanspreek soos hier bo aangewys. • Die munisipaliteite se toewyding om die projekte te mede-finansier is kern tot die projek. • Memorandum van Ooreenkoms moet deur die oordraggewende departement en die ontvangende munisipaliteit geteken word voor die oordrag gemaak word.
Toewysingskriteria	<ul style="list-style-type: none"> • Fondse word toegeken aan munisipaliteite om te help met die implementering van munisipale finansiële kapasitering ontwikkelingstrategieë vir die deurlopende verbetering en vernuwing van volhoubare finansiële bestuur. • 'n Munisipaliteit moet die kapasiteit en vermoë hê om die befondsing te spandeer in die beplanning tydsraamwerk soos dit in die Memorandum van Ooreenkoms oor die MTUR aangedui is. • Goeie bestuur en toepaslike beheermaatreëls moet in plek wees binne die munisipaliteit. • Die munisipaliteit moet 'n aansienlike poging aanwend om te voldoen aan die minimum Munisipale Finansiële Bestuurswet verslagdoening vereistes. • Voorwaardes soos uiteengesit in die onderskeie Memorandum van Ooreenkoms moet nagekom word.

WES-KAAPSE FINANSIËLE BESTUURS KAPASITEITSBOU TOEKENNING	
Rede waarom nie in billike verdeling ingelyf nie	<ul style="list-style-type: none"> • Provinsiale Ondersteuning Program (Toekenning) is: <ul style="list-style-type: none"> - Om direkte ondersteuning aan munisipaliteite te verleen vir die verbetering van finansiële en ander kapasiteits ontwikkelingsstrategieë wat gemik is op leerders in die verskeie munisipale gebiede vir die implementering van die Munisipale Finansiële Bestuurswet verwante aktiwiteite en om goeie finansiële bestuurs praktyke te verbeter; en - Verbetering in die beskikbaarheid, bevoegdheid en vaardigheid van munisipale beamptes binne 'n munisipale gebied as gevolg van geteikende kapasitasie en ontwikkeling van leerders.
Vorige prestasie	2016/17: R3.360 miljoen 2017/18: R7.2 miljoen
Geprojekteerde tydsduur	2018/19 MTUR
MTUR-toewysings	2018/19: R10.8 miljoen; 2019/20: R11.394 miljoen; 2020/21: R12.021 miljoen
Betalingskedere	Die toekenning sal uitbetaal word aan munisipaliteite gebaseer op die Memorandum van Ooreenkoms tussen die Provinsiale Tesourie en munisipaliteite.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> • Voorbereiding van Memorandum van Ooreenkoms wat met die beoogde uitsette en uitkomste ooreenstem. • Monitering en bestuur van die program (uitsette en beoogde uitkomste). • Oordrag fondse aan munisipaliteite om met die implementering van die Munisipale Finansiële Bestuurswet en ondersteunende regulasies te help deur kapasiteitsbou om goeie finansiële bestuur te verseker. • Periodieke besoeke aan munisipaliteite om die impak en toepaslikheid van die ondersteuning verskaf te monitor in terme van die spandering prestasie van toegekeende fondse en die algemene nakoming aan die voorwaardes soos uiteengesit in die toekenningsraamwerk en Memorandum van Ooreenkoms. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Getekende Memorandum van Ooreenkoms tussen the oordraggewende departement en die relevante munisipaliteit. • Ontvangende munisipaliteite moet ses maandelikse verslae indien oor die prestasie van die toekenning ingevolge die voorwaardes hierbo en in terme van die Memorandum van Ooreenkoms uiteengesit is. • Demonstreer resultate/impak. • Demonstreer bereidwilligheid om die inisiatief te mede-befonds. • Monitor akademiese vordering van die leerders, administrasie van verwante prosesse en die plasing van beurshouers na voltooiing van studies.
Proses vir goedkeuring van toewysings vir die 2019/20-boekjaar	Die prosesse vir goedkeuring is die Medium Termyn Uitgawe Raamwerk vir begrotings en die departementele begrotingsproses.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad	360			360		
B	DC1	WC011	Matzikama	360			360		
B	DC1	WC012	Cederberg	360			360		
B	DC1	WC013	Bergrivier	360			360		
B	DC1	WC014	Saldanhabaai	360			360		
B	DC1	WC015	Swartland	360			360		
C	DC1	DC1	Weskus	360			360		
B	DC2	WC022	Witzenberg	360			360		
B	DC2	WC023	Drakenstein	360			360		
B	DC2	WC024	Stellenbosch	360			360		
B	DC2	WC025	Breedevalei	360			360		
B	DC2	WC026	Langeberg	360			360		
C	DC2	DC2	Kaapse Wynland	360			360		
B	DC3	WC031	Theewaterskloof	360			360		
B	DC3	WC032	Overstrand	360			360		
B	DC3	WC033	Kaap Agulhas	360			360		
B	DC3	WC034	Swellendam	360			360		
C	DC3	DC3	Overberg	360			360		
B	DC4	WC041	Kannaland	360			360		
B	DC4	WC042	Hessequa	360			360		
B	DC4	WC043	Mosselbaai	360			360		
B	DC4	WC044	George	360			360		
B	DC4	WC045	Oudtshoorn	360			360		
B	DC4	WC047	Bitou	360			360		
B	DC4	WC048	Knysna	360			360		
C	DC4	DC4	Eden	360			360		
B	DC5	WC051	Laingsburg	360			360		
B	DC5	WC052	Prins Albert	360			360		
B	DC5	WC053	Beaufort-Wes	360			360		
C	DC5	DC5	Sentrale Karoo	360			360		
Ander (Ontoegewys) <small>Nota</small>					11 394	12 021		11 394	12 021
TOTAAL				10 800	11 394	12 021	10 800	11 394	12 021

Nota Ander (Ontoegewys)	Wes-Kaap Finansiële Bestuur Kapasiteitsbou Toekenning					
	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)
Die munisipale spesifieke toekennings vir die buite jare sal in die relevante begrotingsjaar bekend gemaak word.		11 394	12 021		11 394	12 021

OPLEIDING EN TOERUSTING VIR VRYWILLIGERS OM TE DIEN AS BEAMPTE VAN DIE WETSTOEPASSINGS AANVULLENDE DIENS [WAD], STAD KAAPSTAD	
Oordraggewende provinsiale departement	Gemeenskapsveiligheid (Begrotingspos 4)
Strategiese doelwit	Verhoog lewensgehalte, veiligheid en vermindering van sosiale euwels.
Doel van toekenning	Om 'n bydrae te maak tot die koste van opleiding en toerusting aan vrywilligers om hulle in staat te stel om 'n diens te lewer in die Wetstoepassings Aanvullende Diens [WAD] as wetstoepassing-hulp-beamptes (WHBs) van die Stad Kaapstad.
Uitkomste-verklarings	Verhoogde veiligheid, wat bereik sal word, deur die ontplooiing van meer, toegeruste en opgeleide, vrywilligers in die Wetstoepassings Aanvullende Diens (WAD) in prioriteit gemeenskappe wat geleë is binne die grense van die Stad Kaapstad.
Uitsette	Vrywilligers wat as wetstoepassing-hulp-beamptes aangewend kan word in die Stad Kaapstad.
Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<p>Nasionale Ontwikkelingsplan, en meer spesifiek:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 3: Alle mense in SA is en voel veilig; en • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 3: Verbeter welstand en veiligheid en spreek maatskaplike probleme aan. <p>Wetstoepassing-hulp-beamptes (WHB's) is lede van die gemeenskap wat vrywillig hul dienste aanbied ter bevordering van die veiligheid van hul gemeenskappe. Hul word opgelei en toegerus vir aanwending in die Wetstoepassings Aanvullende Diens (WAD) as mag vermenigvuldiger vir ander wetstoepassingsagense soos die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die Metropolisie van die Stad Kaapstad. 'n Geïntegreerde benadering sal gevolg word om sodoende die vlak van veiligheid binne die gemeenskappe te verhoog.</p>
Besonderhede vervat in die besigheidsplan/ implementeringsplan	<p>Doelwitte wat bereik moet word: Opleiding van Wetstoepassing-hulp-beamptes oor die periode 1 April 2018 tot 31 Maart 2019.</p> <p>Uitsette: Vrywilligers is voldoende opgelei om aangewend te word as wetstoepassing-hulp-beamptes van die Wetstoepassings Aanvullende Diens [WAD] in Stad Kaapstad.</p> <p>Verslaggewing/monitering: Die Begunstigde moet vorderingsverslae beskikbaar stel aan die relevante programbestuurder van die Departement op 'n half jaarlikse basis 4 dae na die einde van elke ses maande periode:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verslag 1: 1 April 2018 tot 30 September 2018 • Verslag 2: 1 Oktober 2018 tot 31 Maart 2019
Voorwaardes	<p>Die Begunstigde moet geskrewe verslae aan die relevante programbestuurder van die Departement op 'n half jaarlikse basis beskikbaar stel en moet soos volg aan die departement beskikbaar gestel word, op 'n half jaarlikse basis, 4 dae na die einde van elke periode: Verslag 1: 1 April 2018 tot 30 September 2018, Verslag 2: 1 Oktober 2018 tot 31 Maart 2019.</p> <p>Bogenoemde verslae moet duidelik reflekteer die doelwitte en uitsette wat behaal is, sowel as 'n volledige uiteensetting van uitgawes en die balans van fondse tot op datum. Verslae moet vergesel word met enige ander dokumentasie ter staving van hoe doelwitte en uitsette behaal is.</p>
Toewysingskriteria	Fondse sal beskikbaar gestel word aan Stad Kaapstad met die ondertekening van die Memorandum van Ooreenkoms vir die opleiding en toerusting van vrywilligers te aanwending in die Wetstoepassings Aanvullende Diens [WAD] van die Stad Kaapstad.

OPLEIDING EN TOERUSTING VIR VRYWILLIGERS OM TE DIEN AS BEAMPTES VAN DIE WETSTOEPASSINGS AANVULLENDE DIENS [WAD], STAD KAAPSTAD	
Rede nie ingesluit by ekwiviteitsaandeel ingelyf	Die Suid-Afrikaanse Polisie diens, binne die grense van die Stad Kaapstad, gaan gebuk onder 'n geweldige mensekrag tekort. Die druk op die Stad om aan die behoefte aan wetstoepassing en veiligheidsdienste te voldoen het opmerklik vermeerder. Die Provinsiale Regering is nie wetlik by magte om 'n wetstoepassings kapasiteit daar te stel nie en moet dus met die Stad saamwerk om hierdie doel te bereik. Die wetstoepassing-hulp-beamptes het reeds bewys dat dit 'n suksesvolle program is.
Vorige prestasie	2016/17: R3 miljoen 2017/18: R6.5 million Dit sal dit die 4 ^{de} keer wees wat fondse ge-allokeer word vir die doel. Die vorige fondse was suksesvol bestuur en al die doelwitte was bereik.
Geprojekeerde tydsduur	2018/19 MTUR
MTUR-toewysings	2018/19: R3.938 miljoen; 2019/20: R4.159 miljoen; 2020/21: R4.388 miljoen
Betalingskedule	Enmalige betaling van R3.938 miljoen sal oorbetal word aan Stad Kaapstad na die ondertekening van die Memorandum van Ooreenkoms vir die finansiële jaar 2018/19.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> Onderteken 'n ooreenkoms met Stad Kaapstad vir die opleiding, toerusting en ontplooiing van wetstoepassings vrywilligers, na oorweging van die besigheidplan; Moniteer die vordering van die opleiding van die geselekteerde vrywilligers ter aanwending binne die Wetstoepassings Aanvullende Diens (WAD) deur Stad Kaapstad met spesifieke verwysing na die inhoud van die opleidingsvorderingsverslae sowel as besoeke aan die opleidingsperseel; en Monitering van opgeleide EPWP wetstoepassing-hulp-beampte wat aangewend word in die Wetstoepassings Aanvullende Diens (WAD), Stad Kaapstad, by die geïdentifiseerde persele soos vervat in die Memorandum van Ooreenkoms. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteit</p> <ul style="list-style-type: none"> Onderteken 'n ooreenkoms met die Departement vir die opleiding van vrywilligers as wetstoepassing-hulp-beamptes na die voorlegging van 'n relevante besigheidplan. Verskaffing van opleiding aan die vrywilligers vir aanwending in die Wetstoepassings Aanvullende Diens (WAD), Stad Kaapstad. Veskaf half jaarlikse vorderingsverslae aan die Departement in ooreenstemming met die vereiste dat die verslae binne 4 dae na die einde van elke periode ingehandig moet word: 1 April tot September 2018 en 1 Oktober 2018 tot 31 Maart 2019.
Proses vir goedkeuring van toewysings vir die 2019/20-boekjaar	Gebaseer op die sukses van die huidige jaar se verslaggewing.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad	3 938	4 159	4 388	3 938	4 159	4 388
TOTAAL				3 938	4 159	4 388	3 938	4 159	4 388

AANSTELLING, OPLEIDING, TOERUSTING EN OPERASIONALISERING VAN SKOOLHULPBRON-BEAMPTES IN DIENS VAN DIE STAD KAAPSTAD	
Oordraggewende provinsiale departement	Gemeenskapsveiligheid (Begrotingspos 4)
Strategiese doelwit	Verbeter welstand en veiligheid en vermindering van maatskaplike euwels.
Doel van toewysing	Om 'n bydrae te lewer tot die koste verbonde aan die toerusting en operasionalisering van Skoolhulpbron-beamptes (SROs) in diens van die Stad Kaapstad.
Uitkomst-verklarings	Verbeter veiligheid by prioriteit skole geleë binne die grense van die Stad Kaapstad deur die ontplooiing van 'n groter aantal professioneel opgeleide en toegeruste Skoolhulpbron-beamptes in diens van die Stad Kaapstad.
Uitsette	Bydrae tot die opleiding en toerusting van vrywilligers wat aangewend kan word as Skoolhulpbron-beamptes (SROs) in diens van die Stad Kaapstad.
Prioriteitsuitkoms(te) van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	Nasionale Ontwikkelingsplan, en meer spesifiek: <ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 3: Alle mense in Suid-Afrika is en voel veilig; en • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 3: Verbeter welstand en veiligheid en spreek maatskaplike probleme aan.
Besonderhede vervat in die besigheidsplan/ implementeringsplan	<p>Teikens wat bereik moet word: Toerusting en operasionalisering van Skoolhulpbron-beamptes gedurende die periode 1 Julie 2018 tot 30 Junie 2019.</p> <p>Uitsette: Beamptes wat opgelei word om as Skoolhulpbron-beamptes in die gebied van die Stad Kaapstad ontplooi te word.</p> <p>Verslaggewing/monitering: Die Begunstigde moet skriftelike vorderingsverslae by die betrokke programbestuurder van die Departement indien binne 4 (vier) dae na die einde van die volgende maande:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verslag 1: 31 Desember 2018 • Verslag 2: 30 Junie 2019
Voorwaardes	Die Begunstigde moet skriftelike verslae by die betrokke bestuurder van die Departement op 'n half jaarlikse basis indien, op of voor die volgende half jaarlikse datums: 31 Desember 2018 en 30 Junie 2019. Die bogenoemde vorderingsverslae moet die teikens en uitsette wat bereik is, sowel as 'n gedetailleerde uiteensetting van uitgawes en die balans van die fondse tot op hede insluit. Hierdie vorderingsverslae moet ingedien word, sowel as enige stawende dokumentasie wat die teikens en uitsette wat bereik is, bevestig.
Toewysingskriteria	Sodra die Memorandum van Ooreenkoms onderteken word, sal fondse aan die Stad Kaapstad beskikbaar gestel word vir die opleiding, toerusting en operasionalisering van Skoolhulpbron-beamptes in diens van die Stad Kaapstad.
Rede waarom nie in ekwiteitsaandeel ingelyf	'n Onafhanklike oudit van die gunstige omgewing vir naskoolse programme word ernstig aan bande gelê weens misdaad en geweld en daar is duidelike bewyse dat die Skoolhulpbron-beamptes 'n doeltreffende afskrikmiddel is om leerderbywoning te verseker.
Vorige prestasie	2016/17: R278 000; 2017/18: R345 000
Geprojekteerde tydsduur	01 Julie 2018 tot 30 Junie 2019

AANSTELLING, OPLEIDING, TOERUSTING EN OPERASIONALISERING VAN SKOOLHULPBRON-BEAMPTES IN DIENS VAN DIE STAD KAAPSTAD	
MTUR-toewysings	2018/19: R345 000
Betalingskedule	Enmalige betaling van R345 000 sal aan die Stad Kaapstad uitbetaal word wanneer die Memorandum van Ooreenkoms met die Departement vir die 2018/19-boekjaar onderteken word.
Verantwoordelikhede van die provinsiale departement en munisipaliteite	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> • Sluit ooreenkoms met die Stad Kaapstad vir die opleiding, toerusting en operasionalisering van beamptes na oorweging van betrokke sakeplan; • Monitering van vordering met die opleiding van die gekose beamptes vir aanwending, met spesifieke verwysing na die inhoud van die vorderingsverslae en op-terrein-inspeksies by die opleidingslokaal; en • Volg op die monitering van opgeleide beamptes wat in die diens van die Stad Kaapstad aangewend word. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteit</p> <ul style="list-style-type: none"> • Sluit ooreenkoms met die Departement vir die opleiding en toerusting van die beamptes nadat 'n toepaslike sakeplan verskaf is; • Opleiding van die gekose beamptes vir aanwending in die program; en • Voorsien die Departement met vorderingsverslae ooreenkomstig die vereistes soos hierbo uiteengesit.
Proses vir goedkeuring van toewysings vir die 2019/20-boekjaar	Gebaseer op die sukses van die huidige jaar se verslaggewing.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad	345			345		
TOTAAL				345			345		

PERSOONLIKE PRIMÊRE GESONDHEIDSORGDIENTSE	
Oordraggewende provinsiale departement	Gesondheid (Begrotingspos 6)
Strategiese doelwit	Bestuur die lading van siektes binne Stad Kaapstad Gesondheidsdistrik.
Doel van toekenning	Die lewering van 'n omvattende primêre gesondheidsorgdiens binne die Stad Kaapstad Gesondheidsdienste, in 'n bepaalde geografiese area en soos omskryf in die diensvlakoooreenkoms.
Uitkomste-verklarings	Verbeter die gesondheidstatus van die gemeenskap binne die Stad Kaapstad Gesondheidsdistrik, in 'n bepaalde geografiese area en soos omskryf in die diensvlakoooreenkoms.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Voorsien 'n omvattende gesondheidsorgdiens, soos omskryf binne die diensvlakoooreenkoms. • Implementeer gemeenskap georiënteerde primêre sorg binne 'n bepaalde geografiese area. • Verbeter moederlike, nuwe-gebore, kinders en vroue se gesondheid, asook voeding: Verbeter toegang tot hierdie gesondheidsdienste deur toe te sien dat elke vrou, ma en kind prioriteit ingryping dienste ontvang as deel van 'n omvattende primêre gesondheidsorgdiens. • Bestuur van kroniese siektes, insluitend MIV/Vigs en TB deur die lading daarvan te verlaag met optimale toetsing, diagnosering en behandeling. • Bestuur van akute kwale in kinders en volwassenes. • Nakoming van diensstandaarde soos omskryf in die diensvlakoooreenkoms.
Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 2: 'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners. • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 3: Verbeter welstand en veiligheid en spreek maatskaplike probleem aan. • Vermindering van kindersterftes. • Vermindering van moedersterftes. • Verlaag die impak van TB en MIV/Vigs.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	<p>Dienste word gelewer ingevolge die Nasionale Gesondheidswet, Wet nr. 61 van 2003 en die Nasionale pakket van dienste:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Omvattende gesondheidsdienste by die Stad Kaapstad se gesondheidsorg fasiliteite.
Voorwaardes	<p>Betalings word gemaak ooreenkomstig artikel 25 van die Nasionale Gesondheidswet, 2004 (Wet nr. 61 of 2003) op 'n subsidie basis, en onderhewig aan die voorwaardes soos voorgeskryf in artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet nr. 1 van 1999) soos gewysig deur Wet nr. 29 van 1999, Nasionale Tesourie Regulasie 8.4, Provinsiale Tesourie Instruksies and Finansiële Instruksie G48/2001, in terme waarvan eise en ge-ouditeerde state voorsien moet word. Die munisipaliteit administreer hierdie fondse in terme van artikel 71(1) van die Munisipale Bestuurswet van 2003 (Wet nr. 56 van 2003).</p> <p>'n Ooreengekome en getekende diensvlakoooreenkoms.</p>
Toewysingskriteria	<p>Toekennings word gebaseer op:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Diensleweringstraamwerk; • Teikens in die distrik se gesondheidsplan; en • Beskibare fondse.

PERSOONLIKE PRIMÊRE GESONDHEIDSORGDIENTE	
Rede waarom nie in ekwiteitsaandeel ingelyf	Die lewering van Persoonlike Primêre Gesondheidsorgdienste is 'n provinsiale funksie, maar was geskiedkundig proporsioneel deur die Stad Kaapstad gelewer.
Vorige prestasie	2015/16: R261.821 miljoen 2016/17: R276.703 miljoen 2017/18: R297.392 miljoen Die uitgawes en prestasie-uitsette is in ooreenstemming met die getekende diensleweringsooreenkoms en die begrotingstoekenning is geregverdig.
Geprojekteerde tydsduur	Deurlopend in terme van die huidige politieke en administratiewe ooreenkomste.
MTUR-toewysings	2018/19: R313.451 miljoen; 2019/20: R326.491 miljoen; 2020/21: R344.661 miljoen
Betalingskedule	Die voorwaarde vir betaling is die maandelikse indiening van eise nadat die diens gelewer was.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <p>'n Onderworpenheid-sertifikaat (geskrewe versekering) word jaarliks uitgereik by die aanvang van 'n finansiële jaar wat navraag doen of die Stad Kaapstad effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële stelsels implementeer.</p> <p>Die Metro Distrikgesondheidsdienste tak van die Wes-Kaapse Regering moet maandelikse eise binne 30 dae na ontvangs daarvan betaal.</p> <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteit</p> <p>Die Stad Kaapstad moet die geskrewe versekering-sertifikaat onderteken ten einde die Metro Distrikgesondheidsdienste te verseker dat dit wel effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële stelsels implementeer.</p> <p>Die Stad Kaapstad sal maandelikse eise indien vir werklike uitgawes soos ooreengekom in die diensvlakooreenkoms.</p> <p>Die Stad Kaapstad moet kwartaallikse verslae indien in verband met uitgawes soos ooreengekom in die diensvlakooreenkoms, wat die volgende inligting moet bevat:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Werklike pasiëntgetalle; • Die werklike kostes ingevolge ooreengekome protokolle; en • Eksterne faktore wat die werklike koste van die dienslewering beïnvloed, soos waarop ooreengekom word in skrif deur beide partye van tyd tot tyd.
Proses vir goedkeuring van toewysings vir die 2019/20-boekjaar	'n Diensvlakooreenkoms sal aangegaan word teen April 2019 vir die periode, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad	313 451	326 491	344 661	313 451	326 491	344 661
TOTAAL				313 451	326 491	344 661	313 451	326 491	344 661

GEÏNTEGREERDE VOEDINGSPROGRAM	
Oordraggewende provinsiale departement	Gesondheid (Begrotingspos 6)
Strategiese doelwit	Bestuur die lading van siektes binne Stad Kaapstad Gesondheidsdistrik.
Doel van toekenning	Die lewering, deur munisipaliteite, van voedingsdienste gerig op spesifieke teikengroepe deur 'n kombinasie van direkte en indirekte voedingsingrypings om wanvoeding in die Wes-Kaap aan te spreek.
Uitkomst-verklarings	<ul style="list-style-type: none"> • Verbeter gesondheid. • Verminder moeder- en kindersterftes. • Verlaag die lading van siekte.
Uitsette	Nakoming van die beleid en protokol van die Geïntegreerde Voedingsprogram.
Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 2: 'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners. • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 3: Verbeter welstand en veiligheid en spreek maatskaplike probleme aan. • Die vermindering van moeder, baba- en kindersterftes. • Die verlaging van die las van siekte weens MIV/Vigs, TB, wanvoeding en ander kroniese en aftakelende mediese toestande. • Verbeter kindervoeding.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	Die departementele beleid vir voedingsterapie.
Voorwaardes	Betalings word gemaak ooreenkomstig artikel 25 van die Nasionale Gesondheidswet, 2004 (Wet nr. 61 of 2003) op 'n subsidie basis, en onderhewig aan die voorwaardes soos voorgeskryf in artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet nr. 1 van 1999) soos gewysig deur Wet nr. 29 van 1999, Nasionale Tesourie Regulasie 8.4, Provinsiale Tesourie Instruksies and Finansiële Instruksie G48/2001, in terme waarvan eise en ge-ouditeerde state voorsien moet word. Die munisipaliteit administreer hierdie fondse in terme van artikel 71(1) van die Munisipale Bestuurswet van 2003 (Wet nr. 56 van 2003). 'n Ooreengekome en getekende diensvlak-ooreenkoms.
Toewysingskriteria	Toewysings word gebaseer op: <ul style="list-style-type: none"> • Voedingsdienste verskaf aan spesifieke teikengroepe en pasiënte wat aan vasgestelde vereistes voldoen, soos vervat in die implementeringsriglyne vir die Terapeutiese Voedingsprogram (Omsendbrief H80/2011); • Wanvoedingskoerse; en • Die voorsiening van die Geïntegreerde Voedingsprogram is 'n Provinsiale funksie, maar is histories proporsioneel voorsien deur die Stad Kaapstad.
Rede waarom nie in ekwiteitsaandeel ingelyf	Provinsiale funksie wat deur die munisipaliteit verrig word.

GEÏNTEGREERDE VOEDINGSPROGRAM	
Vorige prestasie	2015/16: R4.528 miljoen 2016/17: R5.208 miljoen 2017/18: R5.572 miljoen Indiening van monitering-en-evaluasie-verslae (Voedingsregister-verslae) ooreenkomstig die diensvlakooreenkoms tussen die Wes-Kaapse Regering en die Stad Kaapstad-munisipaliteit ten opsigte van Persoonlike Primêre Gesondheidsorgdienste.
Geprojekteerde tydsduur	Deurlopend in terme van die huidige politieke en administratiewe ooreenkomste.
MTUR-toewysings	2018/19: R5.928 miljoen; 2019/20: R6.176 miljoen; 2020/21: R6.520 miljoen
Betalingskedule	Die voorwaarde vir betaling is dat eise ingedien moet word nadat die diens gelewer is.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <p>'n Onderworpenheid-sertifikaat (geskrewe versekering) word jaarliks uitgereik by die aanvang van 'n finansiële jaar wat navraag doen of die Stad Kaapstad effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële stelsels implementeer.</p> <p>Die Metro Distrikgesondheidsdienste tak van die Wes-Kaapse Regering moet maandelikse eise binne 30 dae na ontvangs daarvan betaal.</p> <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteit</p> <p>Die Stad Kaapstad moet die geskrewe versekering-sertifikaat onderteken ten einde die Metro Distrikgesondheidsdienste te verseker dat dit wel effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële stelsels implementeer.</p> <p>Die Stad Kaapstad sal maandelikse eise indien vir werklike uitgawes soos ooreengekom in die diensvlakooreenkoms.</p> <p>Die Stad Kaapstad moet kwartaallikse verslae indien in verband met uitgawes soos ooreengekom in die diensvlakooreenkoms, wat die volgende inligting moet bevat:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Werklike pasiëntgetalle; • Die werklike kostes ingevolge ooreengekome protokolle; en • Eksterne faktore wat die werklike koste van die dienslewering beïnvloed, soos waarop ooreengekom word in skrif deur beide partye van tyd tot tyd.
Proses vir goedkeuring van toewysings vir die 2019/20-boekjaar	'n Diensvlakooreenkoms sal aangegaan word teen April 2019 vir die periode, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad	5 928	6 176	6 520	5 928	6 176	6 520
TOTAAL				5 928	6 176	6 520	5 928	6 176	6 520

MIV EN VIGS	
Oordraggewende provinsiale departement	Gesondheid (Begrotingspos 6)
Strategiese doelwit	Die implementering van die Nasionale Strategiese Plan vir MIV/Vigs en Seksueel Oordraagbare Infeksies (SOI) 2017 - 2022.
Doel van toekenning	Om die gesondheidssektor te help met die ontwikkeling en implementering van 'n reaksie teen die bevegting van MIV/Vigs, TB SOI.
Uitkomsteverklarings	<ul style="list-style-type: none"> • Verhoog die kombinasie van voorkomende ingrypings om nuwe infeksies te verminder, insluitende vrywillige berading en toetsing, mediese mansbesnyding en kondoom verspreiding. • Verhoog die dekking vir swanger vrouens van "Voorkoming van Ma-na-Kind-Oordrag" ingrypings deur toe te sien dat alle MIV positiewe pasiënte teenretrovirusbehandeling ontvang en die vermindering van die oordrag na minder as 1 persent. • Verhoog die lewensverwachting deur meer mense op teenretrovirusbehandeling te kry. • Versterk die bestuur en oorsig van MIV/Vigs en TB subprogramme om die koste-effektiwiteit en die kliniese uitkomste daarvan te verbeter. • Verhoog die verhouding van pasiënte op teenretrovirusbehandeling, wat beide TB en MIV het, na 90 persent. • Verminder die moeder- en neonatale sterftesyfer deur kwaliteit versekerde seksuele en reprodutiewe gesondheidsorgdienste. • Verhoog die toegang tot TB dienste vir MIV positiewe pasiënte.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Verbeter toegang tot manlike en vroulike kondome. • Verhoog die kombinasie van voorkomende ingrypings in hoë-oordraggebiede. • Verhoog MIV vrywillige berading en toetsing getalle. • Verbeter toegang tot mediese mansbesnydingdienste. • Verbeter toegang tot die pakket van dienste vir slagoffers van seksuele aanranding. • Verbeter die toegang en kwaliteit van voorkoming van Ma-na-Kind-Oordragdienste. • Verhoog toegang tot programme vir sorg, teenretrovirusbehandeling en middelvolhoudingsteun. • Verbeter die kapasiteit van gesondheidsorgwerkers om kwaliteit MIV, SOI en TB dienste te lewer. • Verbeter sisteme en hulpbronne vir die bestuur van die reaksie teen MIV en Vigs. • Implementeer die 90-90-90 strategie vir TB. • Verbeter die effektiwiteit en doeltreffendheid van roetine TB beheer programme. • Verbeter die funksionering van die multi-medisyne-weerstandige-TB beheer programme, wat die inleiding en die desentralisasie van behandeling insluit. • Verbeter die nageboorte besoek (6-dae) koers.

MIV EN VIGS	
Prioriteitsuitkomst van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	Teen 2030 geen nuwe MIV en TB infeksies, geen nuwe infeksies deur vertikale oordrag, geen voorkombare sterftes wat verband hou met MIV en TB, en geen diskriminasie wat verband hou met MIV, TB en seksueel oordraagbare infeksies.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	Dienste word gelewer ingevolge die Nasionale Gesondheidswet, Wet nr. 61 van 2003 insluitend die volgende: <ul style="list-style-type: none"> • Omvattende gesondheidsdienste by die Stad Kaapstad se gesondheidsorg fasiliteite.
Voorwaardes	Betalings word gemaak ooreenkomstig artikel 25 van die Nasionale Gesondheidswet, 2004 (Wet nr. 61 of 2003) op 'n subsidie basis, en onderhewig aan die voorwaardes soos voorgeskryf in artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet nr. 1 van 1999) soos gewysig deur Wet nr. 29 van 1999, Nasionale Tesourie Regulasie 8.4, Provinsiale Tesourie Instruksies en Finansiële Instruksie G48/2001, in terme waarvan eise en ge-ouditeerde state voorsien moet word. Die munisipaliteit administreer hierdie fondse in terme van artikel 71(1) van die Munisipale Bestuurswet van 2003 (Wet nr. 56 van 2003). 'n Ooreengekome en getekende diensvlakoooreenkoms.
Toewysingskriteria	Toekennings word gebaseer op: <ul style="list-style-type: none"> • Geprojekteerde besteding; • Geografiese gebiede waarin dienste gelewer moet word; • Die getal pasiënte wat teenretrovirusterapie ontvang; • Die getal pasiënte wat TB behandeling ontvang; • Die beskikbare begroting; en • Die raamwerk van die diensvlakoooreenkoms.
Rede waarom nie in ekwiteitsaandeel ingelyf	Die lewering van 'n primêre gesondheidsorgdiens ten opsigte van die omvattende MIV-en-Vigs-plan is 'n provinsiale funksie, maar was geskiedkundig proporsioneel deur die Stad Kaapstad gelewer.
Vorige prestasie	2015/16: R133.515 miljoen 2016/17: R176.059 miljoen 2017/18: R217.701 miljoen Die uitgawes en prestasie-uitsette is in ooreenstemming met die getekende diensleweringsooreenkoms en die begrotingstoekenning is geregverdig.
Geprojekteerde tydsduur	Deurlopend in terme van die huidige politieke en administratiewe ooreenkomste.
MTUR-toewysings	2018/19: R224.414 miljoen; 2019/20: R244.224 miljoen; 2020/21: R270.814 miljoen
Betalingskedule	Die voorwaarde vir betaling is dat eise ingedien moet word nadat die diens gelewer is.

MIV EN VIGS	
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <p>'n Onderworpenheid-sertifikaat (geskrewe versekering) word jaarliks uitgereik by die aanvang van 'n finansiële jaar wat navraag doen of die Stad Kaapstad effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële stelsels implementeer.</p> <p>Die Metro Distrikgesondheidsdienste tak van die Wes-Kaapse Regering moet maandelikse eise binne 30 dae na ontvangs daarvan betaal.</p> <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteit</p> <p>Die Stad Kaapstad moet die geskrewe versekering-sertifikaat onderteken ten einde die Metro Distrikgesondheidsdienste te verseker dat dit wel effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële stelsels implementeer.</p> <p>Die Stad Kaapstad sal maandelikse eise indien vir werklike uitgawes soos ooreengekom in die diensvlakooreenkoms.</p> <p>Die Stad Kaapstad moet kwartaallikse verslae indien in verband met uitgawes soos ooreengekom in die diensvlakooreenkoms, wat die volgende inligting moet bevat:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Werklike pasiëntgetalle; • Die werklike kostes ingevolge ooreengekome protokolle; en • Eksterne faktore wat die werklike koste van die dienslewering beïnvloed, soos waarop ooreengekom word in skrif deur beide partye van tyd tot tyd.
Proses vir goedkeuring van toewysings vir die 2019/20-boekjaar	<p>Die Nasionale Voorwaardelike Toekenning-besigheidsplan vir 2019/20 moet voorgelê en afgeteken word deur die Departementshoof en Provinsiale Tesourie teen 31 Januarie 2019.</p> <p>'n Diensvlakooreenkoms sal aangegaan word teen April 2019 vir die periode, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020.</p>

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad	224 414	244 224	270 814	224 414	244 224	270 814
TOTAAL				224 414	244 224	270 814	224 414	244 224	270 814

MENSLIKE NEDERSETTINGSONTWIKKELINGSTOEKENNING (BEGUNSTIGDES)	
Oordraggewende provinsiale departement	Menslike Nedersettings (Begrotingspos 8)
Strategiese doelwit	Die skepping van volhoubare menslike nedersettings wat 'n verbeterde lewenskwaliteit in huishoudings moontlik maak. Instaatstelling van 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte en inklusiewe leefbare omgewing.
Doel van toekenning	Om befondsing daar te stel vir die skepping van volhoubare menslike nedersettings.
Uitkomste-verklarings	Die fasilitering en voorsiening van basiese infrastruktuur, topstrukture en basiese maatskaplike en ekonomiese geriewe wat tot die skep van volhoubare menslike nedersettings bydra.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Finansiële intervensies en maatreëls wat toegang tot menslike nedersetting ontwikkeling en die eiendomsmark verbeter. • Aantal informele nedersetting huishoudings opgradeer. • Aantal maatskaplike en huurbehuisingseenhede ontwikkel. • Hektaar toepaslike geleë grond en eiendom aangeskaf en ontwikkel. • Aantal Landelike Behuisingseenhede ontwikkel. • Aantal gedienste persele ontwikkel en voorsien.
Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<p>Nasionale Uitkoms 8: Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde lewenskwaliteit van huishoudelike lewe.</p> <p>Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte- en inklusiewe leefbare omgewing.</p>
Besonderhede vervat in die besigheidsplan/ implementeringsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Uitkomste aanwysers. • Uitsette. • Sleutel aktiwiteite. • Monitering en Verslaggewing.
Voorwaardes	<p>Fondse vir hierdie toekenning sal slegs vrygestel word met:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ontvangs van 'n goedgekeurde munisipale of provinsiale besigheidsplan ondersteun deur 'n projektelys per behuisingprogram wat die gereedheid van projekte vir implementering aandui, insluitende verslag oor kontantvloei projekties en nakoming sertifikate. • Munisipaliteite moet 'n diensleweringsooreenkoms met die departement aangaan betreffende hul dienslewering doelwitte. • Toewysings aan munisipaliteite sal slegs vir projekte wat in die implementeringsfase is, of nuwe projekte wat oorgehaal is vir implementering, afgekondig word. • Betalings aan munisipaliteite sal afhang van hul prestasie soos per verslae ingedien en geëvalueer op die Behuisingsubsidie stelsel (BSS) vir projek en program administrasie. • Wes-Kaapse Provinsiale Regering mag, indien 'n bewese behoefte bestaan, tot 5 persent (5%) van die provinsiale toekenning vir die Bedryfskapitaal Begrotingsprogram (OPSCAP) gebruik om die implementering van die goedgekeurde nasionale en provinsiale behuising, en geakkrediteerde munisipale programme en prioriteite te ondersteun.

MENSLIKE NEDERSETTINGSONTWIKKELINGSTOEKENNING (BEGUNSTIGDES)	
	<ul style="list-style-type: none"> • Die Minister van Menslike Nedersettings mag 'n projek as 'n prioriteitsprojek identifiseer en goedkeur by verklaring deur die Staatspresident, Kabinet, die Minister en/of Menslike Nedersettings MinMec. • 'n Nasionale prioriteitsprojek sal aan een of meer van die volgende voorwaardes voldoen: <ul style="list-style-type: none"> – Die projek bevorder 'n nasionale ontwikkelingsbelang insluitend die uitwissing van armoede, gelykheid, volhoubare ontwikkeling en/of waardigheid van gemeenskappe en landsburgers; – Die projek bevorder die teikens en uitsette soos in Nasionale Uitkoms 8 vervat; – Die projek bevorder 'n goeie nasionale praktyk in menslike nedersetting ontwikkeling; en – Die goedkeuring van die projek sal lei tot die verligting van 'n noodgeval en/of lewensgevaarlike situasie. • Alle nuwe projekte moet deel vorm van die Prestasie- en Leweringsooreenkomste wat in terme van Nasionale Uitkoms 8, Provinsiale Strategiese Doelwit 4, Provinsiale multi-jaar Behuisingsplanne, Nasionale, Provinsiale en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelings Raamwerke en Menslike Nedersetting Sektorplanne geteken is en nakoming van die Behuisingskode en gereedheidskriteria vir implementering. • Provinsies moet geskikte begrotingstoewysings aan die Nasionale Opgraderings Ondersteuningsprogram maak om kapasiteit te verbeter om informele nedersetting huishoudings op te gradeer. • Die teikens per provinsie en geakkrediteerde munisipaliteite moet konsekwent met die uitsette en teikens wees soos vervat in die Leweringsooreenkomste tussen die Minister, LURC en, waar toepaslik, met Burgermeesters. • Die Departement behou die reg om direk fondse oor te dra of betaal derde partye indien die munisipaliteit onderpresteer of bestuur kwessies het. • Die Departement behou die reg voor om, in oorleg met munisipaliteite, fondse vanaf nie-presterende projekte na presterende projekte te verskuif, insluitend die toewysing van fondse aan ander munisipaliteite. 'n Toekenningsbrief of amptelike korrespondensie, medeonderteken deur die geaffekteerde munisipaliteite sal bevestiging gee in terme van die verskuiwing, en sal munisipaliteite toelaat om met die verkrygingsproses aanvang te neem, terwyl promulgering sal volg ooreenkomstig die begrotingsproses.
Toewysingskriteria	<ul style="list-style-type: none"> • Hierdie is 'n toekenning aan begunstigdes/huishoudings en nie aan munisipaliteite nie. Die allokasie is indikatief om munisipaliteite by te staan, as agente van die departement, in beplanning. • Die toekennings aan munisipaliteite sal slegs geskied indien hul besigheidsplanne tot Nasionale Uitkoms 8 en Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4 sal bydra. • Fondse sal toegeken word gebaseer op die gereedheid van projekte soos vervat in die besigheidsplanne.

MENSLIKE NEDERSETTINGSONTWIKKELINGSTOEKENNING (BEGUNSTIGDES)	
Doel van toekenning	<ul style="list-style-type: none"> • Om George Munisipaliteit in staat te stel om 'n openbare vervoerdiens te implementeer soos beoog is in die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk. • Om addisionele befondsing te voorsien vir openbare vervoer dienste wat deur die George Munisipaliteit gelewer word. • Om addisionale befondsing te voorsien om die tekort in operasionele koste aan te spreek. • Om voorsiening te maak vir addisionele bedryfsondersteuning wat die gevolge van beduidende verswakke bedryfstoestande en vergrote transformasie verpligtinge onderskryf.
Uitkomsteverklaring	Voorsiening van openbare vervoerdienste wat doeltreffend, toeganklik, gerieflik, veilig, betroubaar en bekostigbaar is en wat gelewer word deur kontrakte met openbare vervoer-operateurs en ondersteunende diensverskaffers.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Voorsiening van universeel toeganklike, wêreld gehalte, geskeduleerde openbare vervoerdienste aan die inwoners van George soos beoog in die George Geïntegreerde Openbare Vervoer netwerk. • Diens frekwensies van meer as een rit per uur en soveel as een rit elke 15 minute in hoogs ontwikkelde gebiede. • Bedryfskontrakte met openbare vervoer-operateurs. • Dienskontrakte met ondersteunende diensverskaffers. • Transformasie van die totale geïmpakteerde minibus taxi en bus industrie.
Prioriteit uitkomst(e)s van die regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik gaan bydra	<p>Nasionale Uitkoms 6: 'n Doeltreffende, mededingende en deelnemende ekonomiese infrastruktuur netwerk.</p> <p>Nasionale Uitkoms 8: Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde gehalte van huishoudelike lewe.</p> <p>Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte en inklusiewe leefomgewing.</p>
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Om effektiewe implementering van die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk te verseker en die uiteindelijke oordrag van verantwoordelikheid na George Munisipaliteit te fasiliteer, het die Departement en die George Munisipaliteit 'n inter-regeringsooreenkoms en finansiële ooreenkoms gesluit ingevolge artikel 12 van die Wet op Nasionale Padvervoer. • Ingevolge die bepalings van die inter-regeringsooreenkoms het George Munisipaliteit en die Departement ooreengekom om gesamentlik sekere funksies te verrig wat nodig is om die effektiewe implementering van die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk te verseker.

GEORGE GEÏNTEGREERDE OPENBARE VERVOERNETWERK - BEDRYF	
	<ul style="list-style-type: none"> • Hierdie funksies word vergesel deur bedryfs- en finansiële verantwoordelikhede wat uiteengesit is in die finansiële ooreenkoms. Die volgende is die belangrikste: Finansiële verantwoordelikheid vir George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk bedryfskontrakte, Infrastruktuur, George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk Eenheidskantoor en bedryfs- en personeeluitgawes. • Ingevolge die Inter-regeringsooreenkoms en Finansiële Ooreenkoms, dra die Departement alle finansiële verantwoordelikheid vir alle kontrakte gesluit onder die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk vir die tydperk van die eerste bedryfskontrak (12 jaar). • Moniteringsmeganismes: <ul style="list-style-type: none"> - Binne-jaar Moniteringsverslagdoening. - Maandelikse Bestuurkomitee vergaderings. - Maandelikse finansiële prestasieverlae. - Kwartaallikse nie-finansiële prestasieverlae. - Jaarlikse interne en eksterne ouditeuring.
Voorwaardes	<ul style="list-style-type: none"> • Implementering van 'n openbare vervoerdiens in ooreenstemming met die tersaaklike bepalings van die Wet op Nasionale Padvervoer, 2009 (Wet 5 van 2009). • Nakoming van artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999). • Nakoming van artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003). • Inter-regeringsooreenkoms en Finansiële Ooreenkoms aangegaan met die Provinsie. • Goedkeuring van die projek deur die betrokke munisipale raad. • Maandelikse prestasieverlae (finansiël en nie-finansiël) soos vervat in die Inter-regeringsooreenkoms en Finansiële Ooreenkoms. • Maandelikse tegniese en bestuurskomitee vergaderings soos gestipuleer in die Inter-regeringsooreenkoms en Finansiële Ooreenkoms. • 'n Funksionele gesamentlike bestuurstruktuur tussen die Provinsiale Regering en George Munisipaliteit soos uiteengesit in die Inter-regeringsooreenkoms. • Jaarvergadering soos gestipuleer in die Inter-regeringsooreenkoms. • Jaarlikse interne en eksterne ouditering. • Binne-jaar monitering verslaggewing.
Toewysingskriteria	<ul style="list-style-type: none"> • Openbare vervoer is 'n gesamentlike nasionale en provinsiale funksie, met die verantwoordelikheid op die provinsiale regering geplaas om munisipaliteite te ondersteun, ingevolge artikel 9(2)(c) van die Wet op Nasionale Padvervoer, 2009 (Wet 5 van 2009). • Die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk is 'n loodsprojek om geïntegreerde openbare vervoer in te stel in 'n nie-metropolitaanse gebied. George is geïdentifiseer as die vinnigste groeiende stad in die Provinsie en daar is besluit om die loodsprojek in George te inisieer. Die befondsing is op 'n operasionele model gebaseer wat nodig is om die openbare vervoerstelsel te implementeer.

GEORGE GEÏNTEGREERDE OPENBARE VERVOERNETWERK - BEDRYF	
Rede waarom nie in bilike deel ingelyf	Bystand in terme van die Wet op Nasionale Padvervoer, 2009 (Wet 5 van 2009).
Vorige prestasie	Werklike uitgawes volgens jaarverslag: 2015/16: R129.230 miljoen 2016/17: R150.544 miljoen 2017/18: R95.544 (Werk in proses)
Geprojekteerde tydperk	2014/15 - 2026/27 12 jaar uitsluitend beplanning en implementering.
MTUR-toewysings	2018/19: R101.086 miljoen; 2019/20: R106.747 miljoen; 2020/21: R112.618 miljoen
Betalingskedule	Eenmalig, vierde kwartaal.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsgewende beampte</p> <ul style="list-style-type: none"> • Maandelikse George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk Bestuurskomitee Vergaderings met die Munisipaliteit. • Departementele betrokkenheid (ten minste tweemaandeliks) met projek spanne en bedryfsmaatskappy is belangrik in George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk besluite. • Ondersteun die George Munisipaliteit in die implementering en bestuur van die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk volgens die rolle en verantwoordelikhede uiteengesit in die Inter-regeringsooreenkoms en Finansiële Ooreenkoms. • Moniteer die voorsiening van George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk Openbare vervoerdienste in ooreenstemming met die Inter-regeringsooreenkoms. • Verseker administrasie, bestuur en verslagdoening op die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk soos gestipuleer in die Inter-regeringsooreenkoms en Finansiële Ooreenkoms. • Verslagdoening oor die oordragsbetaling in ooreenstemming met hierdie raamwerk en die Inter-regeringsooreenkoms en Finansiële Ooreenkoms. • Befonds die operasionele tekort van die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk in ooreenstemming met die Inter-regeringsooreenkoms en Finansiële Ooreenkoms. • Verkry Wet op Openbare Finansiële Bestuur artikel 38(1)(j) Sertifikaat. • Maandelikse George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk tegniese en bestuurskomitee vergaderings met die Munisipaliteit. • Terreinbesoeke. • Jaarlikse interne en eksterne ouditering.

GEORGE GEÏNTEGREERDE OPENBARE VERVOERNETWERK - BEDRYF	
	<p>Verantwoordelikhede van die ontvangsbeampte</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verseker administrasie, bestuur en verslagdoening op die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk soos gestipuleer in die Inter-regeringsooreenkoms en Finansiële Ooreenkoms. • Verseker die bestuur van die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk, met inbegrip van die betaling van die operateur eise en die bestuur van die Munisipale Padvervoer Fonds, in ooreenstemming met die bepalings van die Inter-regeringsooreenkoms en Finansiële Ooreenkoms. • Indiening van maandelikse vorderingsverslae (finansiël en nie-finansiël). • Indiening van maandelikse finansiële verslae. • Voorsiening van geouditeerde finansiële jaarstate. • Verskaf Wet op Openbare Finansiële Bestuur artikel 38(1)(j) Sertifikaat.
Proses vir goedkeuring van toewysings vir die 2019/20-boekjaar	George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk Besigheidsplan moet jaarliks bygewerk word, voorgelê en goedgekeur word by die jaarlikse vergadering soos gestipuleer in die inter-regeringsooreenkoms.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2018/19 Toewysing (R'000)	2019/20 Toewysing (R'000)	2020/21 Toewysing (R'000)	2018/19 Toewysing (R'000)	2019/20 Toewysing (R'000)	2020/21 Toewysing (R'000)
B	DC4	WC044	George	101 086	106 747	112 618	101 086	106 747	112 618
TOTAAL				101 086	106 747	112 618	101 086	106 747	112 618

VOORSIENING VIR PERSONE MET SPESIALE BEHOEFTES	
Oordraggewende provinsiale departement	Vervoer en Openbare Werke (Begrotingspos 10)
Strategiese doelwit	Lewer veilige,doeltreffende en geïntegreerde vervoerstelsels in die Wes-Kaap.
Doel van toekenning	Om die beweging van mense in die openbare vervoerstelsel te handhaaf, met 'n fokus op persone met spesiale behoeftes.
Uitkomsteverklaring	Toenemende toegang tot veilige en doeltreffende vervoer vir persone met spesiale behoeftes.
Uitsette	Voorsiening van daaglikse vervoer in Kaapstad aan ongeveer 200 passasiers met spesiale behoeftes, deur gebruik te maak van 'n vloot voertuie wat deur 'n operateur bestuur word wat gekontrakteer is deur die Stad Kaapstad.
Prioriteit uitkomst(e) van die regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik gaan bydra	Nasionale Uitkoms 4: Ordentlike werk deur inklusiewe groei. Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 1: Skep geleenthede vir groei en werk.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Implementering moet in ooreenstemming wees met die 3 jaar kontrak wat aangegaan is tussen die operateur van die vervoer diensverskaffer en die Stad Kaapstad. • Moniteringsmeganismes: <ul style="list-style-type: none"> - Binne-jaar moniteringsverslagdoening. - Maandelikse bestuurskomiteevergaderings. - Maandelikse finansiële prestasieverlae. - Kwartaallikse nie-finansiële prestasieverlae. - Jaarlikse interne en eksterne ouditering.
Voorwaardes	<ul style="list-style-type: none"> • Nakoming van artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999). • Nakoming van artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003). • Sluiting van 'n vennootskapsooreenkoms. • Voorlegging van maandelikse finansiële prestasieverlae. • Voorlegging van nie-finansiële kwartaallikse prestasieverlae. • Verseker dat die gekontrakteerde operateur 'n vervoerdiens (Dial-a-Ride) bedryf vir persone met spesiale behoeftes.
Toewysingskriteria	Toewysings is gemaak na 'n gaping analiese wat uitgevoer is deur die Stad Kaapstad ten opsigte van die vervoer behoeftes vir persone met spesiale behoeftes en 'n bepaling dat daar kapasiteit tekorte binne die Stad Kaapstad is om die nodige vervoerdiens te bestuur.
Rede waarom nie in bilike ingelyf	Bystand in terme van die Wet op Nasionale Padvervoer, 2009 (Wet 5 van 2009).
Vorige prestasie	Werklike uitgawes volgens Jaarverslag: 2015/16: R10 miljoen 2016/17: R10 miljoen 2017/18: R10 miljoen (Werk in proses)
Geprojekteerde tydskedule	2018/19 MTUR

	VERVOER VEILIGHEID EN VOLDOENING – SPOOR VEILIGHEID
Oordraggewende provinsiale departement	Vervoer en Openbare Werke Wes-Kaap (Begrotingspos 10)
Strategiese doelwit	Lei die ontwikkeling en implementering van openbare vervoerintegrasie in die Wes-Kaap.
Doel van toekenning	Om 'n gesamentlike regeringsonderneming te ontwikkel tussen die Wes-Kaap Departement van Vervoer en Publieke Werke, Stad Kaapstad en die Passasierspooragenskap van Suid-Afrika (PRASA) om die beveiliging van spoor infrastruktuur en passasiers te bevorder.
Uitkomste-verklaring	Om effektiewe en doeltreffende wetstoepassings dienste te lewer om passasiersekuriteit en batebeskerming te verbeter wat die skepping van 'n veilige omgewing vir die optimale funksionering van spoordienste binne die Stad Kaapstad sal bevorder.
Uitsette	Gefokuste sekuriteitseenheid om bestaande sekuriteitspersoneel aan te vul.
Prioriteit uitkomste(s) van die regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik gaan bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 6: 'n Doeltreffende, mededingende en deelnemende ekonomiese infrastruktuur netwerk. • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 3 Verbeter welstand en, veiligheid en spreek maatskaplike probleme aan. • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte en inklusiewe leefbare omgewing. • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 5: Bevorder goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning. • Departementele Strategiese Doelwit 3: Lewer veilige, doeltreffende en geïntegreerde vervoerstelsels in the Wes-Kaap.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Finaliseer Memorandum van Verstandhouding met Munisipaliteit. • Tydige implementering van projekte. • Implementering teen die einde van die munisipale finansiële jaar (Junie 2019).
Voorwaardes	<ul style="list-style-type: none"> • Nakoming van artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) • Nakoming van artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003). • Maandelikse prestasie verslae moet voorsien Word (finansiële- en nie-finansiële). • Vestiging van 'n Stuurkomitee om die projek te bestuur. • Projekte goedgekeur deur betrokke uitvoerende Bestuurstruktuur, PRASA en Stad Kaapstad.
Toewysingskriteria	<ul style="list-style-type: none"> • Analiese van behoeftes wat gedoen is as deel van Kaapstad se Spoor Besigheidsplan. • Departementele begroting beskikbaarheid.
Rede waarom nie in ekwiteitsaandeel ingelyf nie	Toenemende en voortdurende kwessies van vandalisme en misdaad op die spoornetwerk het 'n dringende reaksie nodig om die netwerk te beveilig.

	VERVOER VEILIGHEID EN VOLDOENING – SPOOR VEILIGHEID
Vorige prestasie	Die Wes-Kaap Regering het in die verlede vennootskappe met PRASA en die Stad aangegaan oor 'n aantal ondernemings, insluitend: <ul style="list-style-type: none"> • Aanboord sekuriteit vir die Suidelike Lyn Loodsprojek. • Voorsiening van sekuriteit op Parkeer en Ritte vir die Suidelike Lyn Loodsprojek. • Die vervanging van betonpalisadeheining tussen Langa en Bonteheuwel, Bonteheuwel en Lavistown; en Netreg en Heideveld treinstasies. • Scrambler Motorfiets Sekuriteits Projek. • Hoë mas beligting • Glencairn Duine Stabiliseringsprojek
Geprojekeerde tydsduur	Die toekenning maak voorsiening vir 'n 1 jaar loodsprojek.
MTUR-toewysings	2018/19: R16 miljoen
Betalingskedere	In ooreenstemming met die getekende ooreenkoms.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampste en ontvangsbeampste	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsgewende beampste</p> <ul style="list-style-type: none"> • Handel ooreenkoms af; • Voldoen aan ooreenkomste; • Uitvoer van oordragsbetalings; • Evalueer verslae; • Uitvoer van terreinbesoeke; • Bywoning van maandelikse bestuurkomitee vergaderings; en • Verkry artikel 38(1)(j) sertifikaat. <p>Verantwoordelikhede van die ontvangsbeampste</p> <ul style="list-style-type: none"> • Maandelikse rapportering op stand van projek (finansiële en nie-finansiële); • Indiening van finansiële en geouditeerde verslae soos per oordragsooreenkoms; • Indien van geouditeerde finansiële jaarstate; • Verskaf Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 artikel 38(1)(j) sertifikate; en • Vestig 'n stuurkomitee.
Proses vir goedkeuring van toewysings vir die 2019/20 finansiële jaar	<ul style="list-style-type: none"> • Die munisipaliteite versoek finansiële bystand van die Departement op grond daarvan dat daar voldoende kapasiteit bestaan om die projek te bestuur. • Versoeke word geassesseer teen vorige projek koste en verwagte begrotingstoewysings. • Toewysings word ingestem op voorwaarde dat die munisipaliteite 'n ooreenkoms met die Departement van Vervoer en Openbare Werke aangaan om aan hierdie statutêre vereistes te voldoen.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2018/19 Toewysing (R'000)	2019/20 Toewysing (R'000)	2020/21 Toewysing (R'000)	2017/18 Toewysing (R'000)	2018/19 Toewysing (R'000)	2019/20 Toewysing (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad	16 000			16 000		
TOTAAL				16 000			16 000		

BIBLIOTEEKDIENS: VERVANGINGSBEFONDSING AAN MEES KWESBARE B3 MUNISIPALITEITE	
Oordraggewende provinsiale departement	Kultuursake en Sport (Begrotingspos 13)
Strategiese doelwit	Om openbare biblioteekdienste te bevorder in die mees kwesbare munisipaliteite.
Doel van toekenning	Om munisipale belegging in biblioteekdienste aan te vul en om die toekomstige professionele lewering en ontwikkeling van sulke dienste in die mees kwesbare B3-munisipaliteite vol te hou.
Uitkomste-verklarings	<ul style="list-style-type: none"> • Verbeter die koördinasie en samewerking tussen provinsiale en plaaslike regering ten opsigte van biblioteekdienste. • Getransformeerde en gelyke biblioteek- en inligtingsdienste gelewer aan kwesbare plattelandse gemeenskappe. • Verbeterde biblioteekinfrastruktuur en dienste wat die plaaslike behoeftes aanspreek. • Verbeterde personeelkapasiteit in kwesbare plattelandse biblioteke om beter te reageer op plaaslike kennis- en inligtingsbehoefes. • 'n Verbeterde kultuur van lees.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • 15 B3-munisipaliteite wat betalings vir vervangingsbefondsing ontvang. • 235 biblioteek personeel in openbare biblioteke befonds deur vervangingsbefondsing. • 45 moniteringsbesoeke aan B3-munisipaliteite.
Prioriteitsuitkomste van die regering waartoe hierdie toekenning hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 14: Nasiebou en maatskaplike eenheid. • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 3: Verbeter welstand en veiligheid en spreek maatskaplike probleme aan.
Besonderhede vervat in die besigheidplan/ implementeringsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Uitkomste aanwysers. • Uitsette aanwysers. • Kern aktiwiteite. • Insette.
Voorwaardes	<ul style="list-style-type: none"> • Nakoming van artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999). • Nakoming van artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003). • Fondse sal benut word vir personeel, operasionele en/of kapitale uitgawes van biblioteke in die B3-munisipaliteite, ooreenkomstig met getekende memorandum van ooreenkoms en besigheidspanne tussen die Departement van Kultuursake en Sport en B3-munisipaliteite. • Waardevermindering moet nie in besigheidspanne ingesluit word nie. • B3-munisipaliteite moet memorandum van ooreenkoms met die Departement van Kultuursake en Sport sluit. • Geskrewe maandelikse verslae sowel as drie inspeksiebesoeke per munisipaliteit per jaar. • Maandelikse finansiële en vorderingsverslae moet aan die Departement voorgelê word. • Alle BTW van SAID geëis moet aan die projekte toegeken word. • Alle rente deur munisipaliteite verdien op die befondsing moet aan die projekte toegeken word.

BIBLIOTEEKDIENS: VERVANGINGSBEFONDSING AAN MEES KWESBARE B3 MUNISIPALITEITE	
Toekenningskriteria	Historiese data van munisipale spandering op biblioteke, kosteberaamde planne met uiteensetting van personeelstrukture, operasionele en/of kapitale uitgawes vir openbare biblioteke, soos voorgelê deur B3-munisipaliteite.
Redes waarom nie vervat in ekwiteitsaandeel ingelyf	Die finansiële bystand is funksie spesifiek en biblioteke is 'n provinsiale funksie. Vervangingsbefondsing help verlig B3-munisipaliteite se spandering op die onbefondste mandaat.
Vorige prestasie	2015/16: R58.500 miljoen 2016/17: R62.953 miljoen 2017/18: R65.481 miljoen
Geprojekeerde tydsduur	Aaneenlopend: 2018/19 MTUR
MTUR toewysings	2018/19: R70.089 miljoen; 2019/20: R73.965 miljoen; 2020/21: R77.958 miljoen
Betalingskedule	(Drie oorbetalings) Julie 2018, Oktober 2018, Februarie 2019
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordraende beampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> • Monitering en bestuur van die program. • Oordrag van fondse aan munisipaliteite ten einde die implementering van die MFBW (MFMA) en die ondersteunende regulasies te ondersteun. • Onderneem voortdurende monitering in ondersteunde munisipaliteite. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Van die ontvanger-munisipaliteite word verwag om maandelikse verslae in te dien, soos vereis deur die Wet op Verdeling van Inkomste. Die toelaag moet in ooreenstemming met die bogenoemde voorwaardes bestee word.
Proses vir goedkeuring van allokasies vir die 2019/20-boekjaar	<ul style="list-style-type: none"> • Die Departement van Kultuursake en Sport moet voorlopige toekennings, gebaseer op bogenoemde kriteria, aan munisipaliteite voorlê teen 30 September 2018. • Munisipaliteite moet konsep besigheidsplanne aan die Departement van Kultuursake en Sport voorlê teen 31 Oktober 2018. • Die Departement van Kultuursake en Sport moet die munisipale besigheidsplanne evalueer en terugvoering aan die munisipaliteite gee teen die 31^{ste} Januarie 2019. • Die Departement van Kultuursake en Sport moet die finale toekennings laat publiseer in die Staatskoerant in Maart 2019. • Munisipaliteite moet hul finale besigheidsplanne by die Departement van Kultuursake en Sport indien teen Mei 2019.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)
B	DC1	WC011	Matzikama	4 458	4 705	4 959	4 458	4 705	4 959
B	DC1	WC012	Cederberg	4 400	4 643	4 894	4 400	4 643	4 894
B	DC1	WC013	Bergrivier	3 980	4 200	4 427	3 980	4 200	4 427
B	DC1	WC015	Swartland	5 040	5 319	5 606	5 040	5 319	5 606
B	DC2	WC022	Witzenberg	5 960	6 290	6 630	5 960	6 290	6 630

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)
B	DC2	WC026	Langeberg	5 700	6 015	6 340	5 700	6 015	6 340
B	DC3	WC031	Theewaterskloof	6 000	6 331	6 673	6 000	6 331	6 673
B	DC3	WC033	Kaap Agulhas	5 710	6 026	6 351	5 710	6 026	6 351
B	DC3	WC034	Swellendam	5 026	5 304	5 590	5 026	5 304	5 590
B	DC4	WC041	Kannaland	2 070	2 184	2 302	2 070	2 184	2 302
B	DC4	WC042	Hessequa	5 300	5 593	5 895	5 300	5 593	5 895
B	DC4	WC047	Bitou	8 950	9 445	9 955	8 950	9 445	9 955
B	DC5	WC051	Laingsburg	1 260	1 330	1 402	1 260	1 330	1 402
B	DC5	WC052	Prins Albert	685	723	762	685	723	762
B	DC5	WC053	Beaufort-Wes	5 550	5 857	6 172	5 550	5 857	6 172
TOTAAL				70 089	73 965	77 958	70 089	73 965	77 958

GEMEENSKAP BIBLIOTEEKDIENSTE TOEKENNING	
Oordraggewende provinsiale departement	Kultuursake en Sport (Begrotingspos 13)
Strategiese doelwit	Om die Suid-Afrikaanse samelewing in staat te stel om toegang tot kennis en inligting te verkry, ten einde hulle sosio-ekonomiese status te verbeter.
Doel van toekenning	Die transformasie van stedelike en plattelandse openbare biblioteek infrastruktuur, fasiliteite en dienste (hoofsaaklik gemik op voorheen benadeelde gemeenskappe) deur 'n herkapitaliseringsprogram op provinsiale vlak ter ondersteuning van plaaslike regerings en nasionale inisiatiewe.
Uitkomsteverklarings	<ul style="list-style-type: none"> • Verbeterde koördinerings- en samewerking tussen nasionale, provinsiale en plaaslike regering ten opsigte van biblioteekdienste. • Getransformeerde en billike biblioteek- en inligtingsdienste te lewer aan alle landelike en stedelike gemeenskappe. • Verbeterde biblioteekinfrastruktuur en -dienste wat die spesifieke behoeftes van die gemeenskappe wat gedien word, weerspieël. • Verbeterde personeelkapasiteit by stedelike en landelike biblioteke om toepaslik te reageer op die gemeenskap se kennis- en inligtingsbehoefes. • Verbeterde kultuur van lees.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Ondertekening van ooreenkomste tussen die nasionale, provinsiale en plaaslike regering ten opsigte van die beplanning, bestuur en instandhouding van openbare biblioteke. • 650 openbare biblioteekposte in plaaslike munisipaliteite befonds. • 5 nuwe biblioteekprojekte befonds. • 3 biblioteekopgradeerprojekte befonds. • 5 Mini-biblioteke vir die blinde gestig. • Kapasiteitsbouprogramme vir openbare biblioteekbestuurders.
Prioriteitsuitkomstevan regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 14: Nasiebou en maatskaplike eenheid. • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 3: Verbeter welstand en veiligheid en spreek maatskaplike probleme aan.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Uitkomsteaanwysers • Uitsetteaanwysers • Insette • Kernaktiwiteite

GEMEENSAP BIBLIOTEKDIENSTE TOEKENNING	
Voorwaardes	<ul style="list-style-type: none"> • Nakoming van Voorwaardelike Toekenningsraamwerk vir Gemeenskapsbiblioteekdienste. • Nakoming van artikel 38(1)(i) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet nr. 1 van 1999). • Nakoming van artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003). • Voorwaardelike toekennings om gebruik te word vir personeeluitgawes, instandhouding en opgradering ooreenkomstig met die getekende memorandum van ooreenkoms en besigheidsplanne tussen die Departement Kultuursake en Sport en munisipaliteite. • Waardevermindering moet nie in besigheidsplanne ingesluit word nie. • Fondse vir personeel wat by 2013 MTUR gevoeg is, sal die skedule 5 funksie verskuiwing in die kategorie B munisipaliteite aanspreek. • Maandelikse finansiële en vorderingsverslae moet aan die Departement voorgelê word. • 72 monitering besoeke aan munisipaliteite. • Alle BTW van SAID geëis moet aan die projekte toegeken word. • Alle rente deur munisipaliteite verdien op die befondsing moet aan die projekte toegeken word.
Toewysingskriteria	<ul style="list-style-type: none"> • Kosteberaamde planne ingedien deur munisipaliteite met projekte in lyn met die provinsiale prioriteite. Die Departement sal die planne teenoor die voorafbepaalde kriteria evalueer. • Persentasie van munisipaliteite se aandeel in provinsiale bevolking, boeksirkulasie en biblioteke word gebruik vir berekening van die personeeltoekennings.
Redes waarom nie by ekwiteitsaandeel ingelyf nie	Die finansiële bystand is funksie spesifiek en biblioteke is 'n provinsiale funksie.
Vorige prestasie	<ul style="list-style-type: none"> • 2015/16: R142.374 miljoen • 2016/17: R156.814 miljoen • 2017/18: R163.377 miljoen
Geprojekteerde tydsduur	Aaneenlopend/Hersien jaarliks.
MTEF-toewysings	2018/19: R167.631 miljoen; 2019/20: R176.683 miljoen; 2020/21: R186.401 miljoen
Betalingskedule	(Drie oorbetalings): Julie 2018, Oktober 2018, asook Januarie 2019.

GEMEENSKAP BIBLIOTEKDIENSTE TOEKENNING	
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> • Identifiseer risiko's en uitdagings. • Monitor en evalueer implementering. • Oordrag van fondse aan munisipaliteite om met die implementering van die biblioteek projekte te help. • Indiening van maandelikse en kwartaallikse verslae aan die Departement van Kuns en Kultuur (DKK). • Indiening van kwartaallikse prestasie inligting aan Provinsiale Tesourie. • Bepaal uitsette en doelwitte vir 2018/19 met munisipaliteite. • Departement van Kultuursake en Sport moet die finale besigheidsplan teen Februarie 2018 indien by DKK. • Indiening van kwartaallikse uitgawe-verslae van munisipaliteite aan DKS. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Munisipaliteite moet hul koste bereken van besigheidsplanne en 'n memorandum van ooreenkoms met die Departement van Kultuursake en Sport teken. • Die indien van maandelikse uitgaweverslae van munisipaliteite aan die Departement van Kultuursake en Sport (DKS).
Proses vir goedkeuring van allokasies vir die 2019/20-boekjaar	<ul style="list-style-type: none"> • Die Departement van Kultuursake en Sport moet voorlopige toekennings, wat aan bogenoemde kriteria voldoen, aan munisipaliteite voorlê teen die 30^{ste} September 2018. • Munisipaliteite moet voorlopige besigheidsplanne aan die Departement van Kultuursake en Sport voorlê teen 31 Oktober 2018. • Die Departement van Kultuursake en Sport moet die munisipale besigheidsplanne evalueer en terugvoering aan die munisipaliteite gee teen die 31^{ste} Januarie 2019. • Die Departement van Kultuursake en Sport moet die finale toekennings in die Staatskoerant in Maart 2019 publiseer. • Munisipaliteite moet hul finale besigheidsplanne by die Departement van Kultuursake en Sport indien teen Mei 2019.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad	48 947	47 057	49 737	48 947	47 057	49 737
B	DC1	WC011	Matzikama	3 240	2 783	2 936	3 240	2 783	2 936
B	DC1	WC013	Bergrivier	3 275	2 819	2 974	3 275	2 819	2 974
B	DC1	WC014	Saldanhabaai	7 243	7 634	8 054	7 243	7 634	8 054
B	DC1	WC015	Swartland	3 389	3 572	3 768	3 389	3 572	3 768
B	DC2	WC022	Witzenberg	3 382	2 932	3 093	3 382	2 932	3 093
B	DC2	WC023	Drakenstein	21 736	17 639	18 609	21 736	17 639	18 609
B	DC2	WC024	Stellenbosch	12 210	12 869	13 577	12 210	12 869	13 577
B	DC2	WC025	Breedevallei	9 517	9 504	10 027	9 517	9 504	10 027

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)
B	DC2	WC026	Langeberg	3 210	3 383	3 569	3 210	3 383	3 569
B	DC3	WC031	Theewaterskloof	3 300	3 478	3 669	3 300	3 478	3 669
B	DC3	WC032	Overstrand	6 747	7 111	7 502	6 747	7 111	7 502
B	DC3	WC033	Kaap Agulhas	1 200			1 200		
B	DC4	WC042	Hessequa	3 424	3 609	3 807	3 424	3 609	3 807
B	DC4	WC043	Mosselbaai	8 360	8 811	9 296	8 360	8 811	9 296
B	DC4	WC044	George	9 239	9 740	10 276	9 239	9 740	10 276
B	DC4	WC045	Oudtshoorn	7 658	11 963	6 292	7 658	11 963	6 292
B	DC4	WC047	Bitou	1 926	2 030	2 142	1 926	2 030	2 142
B	DC4	WC048	Knysna	8 711	9 181	9 686	8 711	9 181	9 686
B	DC5	WC052	Prins Albert	917	967	1 020	917	967	1 020
Ander (Ontoegewys) ^{Nota}					9 601	16 367		9 601	16 367
TOTAAL				167 631	176 683	186 401	167 631	176 683	186 401

Nota Ander (Ontoegewys)	Gemeenskap Biblioteekdienste Toekenning					
	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)
Die toekenning van die bedrae in die buitejare is voorlopige bedrae, onderworpe aan bevestigde departementele allokasies.		9 601	16 367		9 601	16 367

BIBLIOTEEKDIENSTE: METRO BIBLIOTEEK TOEKENNING	
Oordraggewende provinsiale departement	Kultuursake en Sport (Begrotingspos 13)
Strategiese doelwit	Om die stedelike gemeenskap van die Kaapse Metropool in staat te stel om toegang tot kennis en inligting te verkry, en sodoende hulle sosio-ekonomiese status te verbeter.
Doel van toekenning	Die transformasie van stedelike openbare biblioteek infrastruktuur, fasiliteite en dienste (hoofsaaklik gemik op voorheen benadeelde gemeenskappe) deur 'n herkapitaliseringsprogram op provinsiale vlak ter ondersteuning van plaaslike regerings- en nasionale inisiatiewe.
Uitkomsteverklarings	<ul style="list-style-type: none"> • Verbeterde koördinerende en samewerking tussen provinsiale en plaaslike regering ten opsigte van biblioteekdienste. • Getransformeerde en billike biblioteek- en inligtingsdienste te lewer aan alle stedelike gemeenskappe. • Verbeterde biblioteekinfrastruktuur en -dienste wat die spesifieke behoeftes van die gemeenskappe wat gedien word, weerspieël. • Verbeterde kultuur van lees.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Geondertekening van ooreenkoms tussen die provinsiale en die Stad Kaapstad Munisipaliteit ten opsigte van die beplanning, bestuur en instandhouding van openbare biblioteke. • Opgradering en herkapitalisering van biblioteke.
Prioriteitsuitkomstevan regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 14: Nasiebou en maatskaplike eenheid. • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 3: Verbeter welstand en veiligheid en spreek maatskaplike probleme aan.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Uitkomstevanwysers. • Uitsette aanwysers. • Insette. • Kern aktiwiteite.
Voorwaardes	<ul style="list-style-type: none"> • Nakoming van artikel 38(1)(i) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet nr. 1 van 1999). • Nakoming van artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003). • Toekenning vir die gebruik van opgradering en herkapitalisering gebaseer op die getekende memorandum van ooreenkoms en besigheidsplan tussen die Departement Kultuursake en Sport en die Stad Kaapstad Munisipaliteit. • Maandelikse finansiële en vorderingsverslae moet aan die Departement voorgelê word. • Alle BTW van SAID geëis moet aan die projekte toegeken word. • Alle rente deur munisipaliteite verdien op die befondsing moet aan die projekte toegeken word.
Toewysingskriteria	Kosteberaamde planne ingedien deur munisipaliteite met projekte. Die Departement sal die planne teenoor die voorafbepaalde kriteria evalueer.
Redes waarom nie by ekwiteitsaandeel ingelyf nie	Die finansiële bystand is funksie spesifiek en biblioteke is 'n provinsiale funksie.

BIBLIOTEEKDIENSTE: METRO BIBLIOTEEK TOEKENNING	
Vorige prestasie	2015/16: R5 miljoen 2016/17: R7.5 miljoen 2017/18: R10 miljoen
Geprojekteerde tydsduur	Aaneenlopend/Hersien jaarliks.
MTEF-toewysings	2018/19: R10 miljoen; 2019/20: R10 miljoen; 2020/21: R10.550 miljoen
Betalingskedule	(Een oorbetaling): Julie 2018
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> Bepaal uitsette en doelwitte vir 2018/19 met die munisipaliteit. Oordrag van fondse aan die munisipaliteit om met die implementering van die biblioteekprojekte te help. Identifiseer risiko's en uitdagings. Monitor en evalueer die implementering. Indiening van kwartaallike prestasie inligting en uitgaweverslae aan Provinsiale Tesourie. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteit</p> <ul style="list-style-type: none"> Die munisipaliteit moet die koste van die besigheidsplan bereken en 'n memorandum van ooreenkoms met die Departement van Kultuursake en Sport teken. Die indiening van maandelikse uitgaweverslae van die munisipaliteit aan die Departement van Kultuursake en Sport (DKS).
Proses vir goedkeuring van allokasies vir die 2019/20-boekjaar	<ul style="list-style-type: none"> Die Departement van Kultuursake en Sport moet voorlopige toekennings, gebaseer op bovermelde kriteria, aan die munisipaliteit voorlê teen 30 September 2018. Die munisipaliteit moet voorlopige besigheidsplanne aan die Departement van Kultuursake en Sport voorlê teen die 31^{ste} Oktober 2018. Die Departement van Kultuursake en Sport moet die munisipale besigheidsplanne evalueer en terugvoering aan die munisipaliteit gee teen die 31^{ste} Januarie 2019. Die Departement van Kultuursake en Sport moet die finale toekenning laat publiseer in die Staatskoerant in Maart 2019. Die munisipaliteit moet finale besigheidsplan by die Departement van Kultuursake en Sport indien teen Mei 2019.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad	10 000	10 000	10 550	10 000	10 000	10 550
TOTAAL				10 000	10 000	10 550	10 000	10 000	10 550

BIBLIOTEEKDIENSTE: OORDRAGBEFONDSING OM DIE STAD KAAPSTAD IN STAAT TE STEL OM TYDSKRIFTE EN KOERANTE AAN TE KOOP	
Oordraggewende provinsiale departement	Kultuursake en Sport (Begrotingspos 13)
Strategiese doelwit	Om die stedelike gemeenskap van die Kaapse Metropol in staat te stel om toegang tot kennis en inligting te verkry, ten einde hulle sosio-ekonomiese status te verbeter.
Doel van toekenning	Om Kaapstad in staat te stel om tydskrifte en koerante vir openbare biblioteke aan te koop.
Uitkomsteverklarings	<ul style="list-style-type: none"> • Verbeterde koördinerings- en samewerking tussen provinsiale en plaaslike regering ten opsigte van biblioteekdienste. • Verbeterde biblioteekdienste wat die spesifieke behoeftes van die gemeenskappe wat gedien word te weerspieël. • Verbeterde kultuur van lees.
Uitsette	103 Kaapstad biblioteke voorsien van tydskrifte en koerante.
Prioriteitsuitkomstevan regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 14: Nasiebou en maatskaplike eenheid. • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 3: Verbeter welstand en veiligheid en spreek maatskaplike probleem aan.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Uitkomste aanwysers. • Uitsette aanwysers. • Insette. • Kern aktiwiteite.
Voorwaardes	<ul style="list-style-type: none"> • Nakoming van artikel 38(1)(i) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet nr. 1 van 1999). • Nakoming van artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003). • Fonds om gebruik te word vir die aankope van tydskrifte en koerante ooreenkomstig met die getekende memorandum van ooreenkoms en besigheidsplan tussen die Departement Kultuursake en Sport en die Stad Kaapstad. Maandelikse finansiële en vorderingsverslae moet aan die Departement voorgelê word. • Alle BTW van SAID geëis moet aan die projek toegeken word. • Alle rente deur die Munisipaliteit verdien op die befondsing moet aan die projek toegeken word.
Toewysingskriteria	'n Kostebereamde plan ingedien deur die Stad Kaapstad met projekte. Die Departement sal die planne teenoor die voorafbepaalde kriteria evalueer.
Redes waarom nie by ekwiteitheidsaandeel ingelyf nie	Die finansiële bystand is funksie spesifiek en biblioteke is 'n provinsiale bevoegdheid. Befondsing vir die aankope van tydskrifte en koerante en te verseker dat Kaapstad se biblioteke tydskrifte en koerante meer doeltreffend kan aankoop.
Vorige prestasie	2017/18: R4.5 miljoen
Geprojekteerde tydsduur	Aaneenlopend/jaarliks hersien.

BIBLIOTEEKDIENSTE: OORDRAGBEFONDSING OM DIE STAD KAAPSTAD IN STAAT TE STEL OM TYDSKRIFTE EN KOERANTE AAN TE KOOP	
MTEF-toewysings	2018/19: R4.770 miljoen; 2019/20: R4.989 miljoen; 2020/21: R5.223 miljoen
Betalingskedule	(Een oorbetaling): Julie 2018
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> Oordrag van fondse aan die munisipaliteit om met die implementering van die program te help. Monitor en evalueer die program. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteit</p> <ul style="list-style-type: none"> Die munisipaliteit moet geondertekende kwartaallike uitgaweverslae by die Departement van Kultuursake en Sport (DKS) indien en die fondse spandeer volgens die voorwaardes hierbo uiteengesit.
Proses vir goedkeuring van allokasies vir die 2019/20-boekjaar	<ul style="list-style-type: none"> Die munisipaliteit moet 'n voorlopige besigheidsplan aan die Departement van Kultuursake en Sport voorlê teen die 31^{ste} Oktober 2018. Die Departement van Kultuursake en Sport moet die munisipale besigheidsplan evalueer en terugvoering aan die munisipaliteit gee teen die 31^{ste} Januarie 2019. Die Departement van Kultuursake en Sport moet die finale toekenning laat publiseer in die Staatskoerant in Maart 2019. Die munisipaliteit moet finale besigheidsplan by die Departement van Kultuursake en Sport indien teen Mei 2019.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakenings-kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad	4 770	4 989	5 223	4 770	4 989	5 223
TOTAAL				4 770	4 989	5 223	4 770	4 989	5 223

ONTWIKKELING VAN SPORT EN REKREASIE FASILITEITE	
Oordraggewende provinsiale departement	Kultuursake en Sport (Begrotingspos 13)
Strategiese doelwit	Om maatskaplike samehangende sport en rekreasie strukture en/of aktiwiteite te inisieer en ondersteun.
Doel van toekenning	Voorsiening van Sport en Rekreasie fasiliteite in veral voorheen benadeelde gemeenskappe.
Uitkomste-verklarings	<ul style="list-style-type: none"> • Optimale gebruik van fasiliteite. • Geïntegreerde sport en rekreasie programme en aktiwiteite. • Afwisseling in sport en rekreasie. • Seisoenale gebruik van fasiliteite wat sal bydra tot veiligheid en 'n sin van multi-dissiplinêre gemeenskap.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Voltooiing van ten minste 1 fasiliteit per jaar. • Monitering en bestuur van fasiliteite deur projek befonds.
Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 7: Lewendige, billike en volhoubare landelike gemeenskappe met voedselsekerheid vir almal. • Nasionale Uitkoms 12: Daarstelling van 'n doeltreffende, effektiewe en ontwikkeling-georiënteerde openbare diens 'n bemagtigde, billike en inklusiewe burgerskap. • Nasionale Uitkoms 14: Nasiebou en maatskaplike kohesie. • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 3: Verbeter welstand en veiligheid en spreek maatskaplike probleme aan.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Uitkomste aanwysers. • Uitsette aanwysers. • Insette. • Kern aktiwiteite.
Voorwaardes	<ul style="list-style-type: none"> • Nakoming van artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansies, 1999 (Wet nr. 1 van 1999). • Nakoming van artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003). • 'n Voorlegging van goedkeuring vir die toekenning is ontwikkel. Die toekenning sal verskans word in 'n Memorandum van Ooreenkoms tussen die Munisipaliteit en die Departement van Kultuursake and Sport (DKS). Die Departement van Kultuursake en Sport sal alle munisipale sport infrastruktuurprojekte van die ontwerp vir die konstruksie monitor en sal op die projek bestuurskomitee waar maandelikse verslae ter tafel gelê sal word sit.

ONTWIKKELING VAN SPORT EN REKREASIE FASILITEITE	
Toewysingskriteria	<ul style="list-style-type: none"> • Die voorgestelde projek moet ontwikkel word op grond wat aan die betrokke Munisipaliteit behoort. • Die voorgestelde projek moet geleë wees binne 'n minder bevoorregte deel van die gemeenskap. • Die bestaan van 'n sportraad wat in samewerking met die Munisipaliteit sal omsien na die instandhouding en bestuur van die fasiliteit. Indien so 'n struktuur nie bestaan nie sal die Direktoraat: Sport en Rekreasie die proses fasiliteer om so 'n struktuur daar te vestig. • Die fasiliteit wat ontwikkel word moet die goedkeuring van die gemeenskap wegdra asook die van die sport gemeenskap en die munisipaliteit. • Die munisipaliteit moet 'n geloofwaardige begroting hê vir aanlopende instandhouding. • Die suksesvolle applikant moet saamstem met die voorwaardes soos neergelê in die Memorandum van Ooreenkoms tussen die Departement en die Munisipaliteit. 'n Afskrif van die memorandum moet beskikbaar gemaak word op versoek.
